

21 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 8**

**Fokusgedeelte: Psalm 8:4, 5**

### **Wat is die mens dat U aan hom dink?**

Dit is 'n vraag van groot belang wat ons by 'n volgende vraag bring: Wie is ek dat God aan my dink?

Die vraag wat Dawid vra, is deel van 'n langer sin. As ek na die hemel kyk, dan sien ek die heelal, tog net 'n fraksie van die heelal. Die Psalmdigter kyk in die nag na die hemelruim. Hy kyk op na die hemelruim en sien hoe glansryk God alles geplaas het. God is die oorsprong van alles. Hy het alles geskep en aan Hom kom die lof toe.

Nou kyk die Psalmdigter na homself. Wie is hy en watter reg het hy dat God aan hom dink? God het die mens immers na sy beeld geskape, in ware geregtigheid en heiligheid. Die mens is kroon van die skepping: om te heers, te beheers en te vul. Die sondeval het egter alles verwing. 'n Tweede Adam moes kom om die eerste Adam se skade en skuld te herstel en te betaal.

Psalm 8 is met Jesus Christus vervul. In Hebreërs 2:6-9 word Psalm 8 aangehaal en wys op die mens, Jesus Christus, wat mense red. Vir die gelowige is dit 'n feit en vir die ongelowige is dit fiksie. Kyk wat sê Pilatus voor die kruisiging vir Jesus: "Dit is die mens" (Joh. 19: 5).

Spieël uself en sien uself teen die agtergrond van die heelal, of dit dag (Ps. 19) of nag (Ps. 8) is. Besef dat ons in niks kan roem behalwe in God nie. Hy het sy Seun gestuur om mens te word, só het Hy aan ons gedink. Hy het verder aan ons gedink en sy Gees gestuur. Deur Gees en Woord as bril sien ons ons kleinheid en God se grootheid. Wat is ek en jy as gelowige mense? Ons het net voorregte. God gee, God kan neem ook. God het finaal aan ons gedink met Jesus Christus se wederkoms wanneer Hy alles finaal sal herstel.

Laat ons met dankbaarheid syNaam loof en prys met die woorde: "O HERE, onse Here, hoe heerlik is U Naam oor die hele aarde" (Ps. 8:2, 10).

Sing: Psalm 8:1 (Totius)

Ds. JJJ Erasmus (Volksrust/Ermelo)